Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

NET ÉÉN LIED

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

"*The mass of men lead lives of quiet desperation*
and go to their grave with their song still in them" - Henry Thoreau (1817-1862)

Ons word gebore met 'n bruising in die hart
En soos 'n beeldhouer sy engel uit 'n rotsblok verlos
Wil ons woorde en wysies ook bevry
Om met klawers en snare te baljaar
in ruimtes te kan rondsweef, oseane te bevaar

Ons is geskape met 'n passie wat ons dryf
Wil soos Copernicus altyd weer na nuwe sterre staar
Jaag akkoorde en verhale vurig na
Om dan vir almal wat wil luister te gaan sing
Dat daar meer is as net dinge
Baie meer bestaan as feite en formules
Wat is my verweer
As ek my kitaar dalk eendag neer moet lê
Met 'n honderd, selfs net één lied nog ongeskryf in my?
Bring die muse, gee my pen
Ek wil droom, dig en sing oor dit wat saak maak vir my

Elke mens droom van 'n engel of 'n ster
Soms yslik groot maar dikwels doodgewoon
Wat dit laat sin maak is die aanhou - elke dag probeer
Om jou allermooiste drome te laat waar word
in die ruimte te kan rondsweef, oseane te bevaar
en baie meer....
kan dit gebeur dat jy jou kop dalk eendag neer moet lê
Met 'n honderd, selfs net één droom onuitgeleef in jou?
Bring die kwas, beitel, klei,
Leef, droom en sing oor dit wat saak maak vir jou